

HOOFSTUK VI.

'N STUDIE OOR DIE ALGEMENE PEDAGOGIESE BEGINSELS.

1. Inleiding.

Om Bavinck se posisie in die geskiedenis van die ontwikkeling van die Christelike pedagogiek te bepaal, is vir ons doel nog nie voldoende nie. Dit is wel duidelik dat hy tot een van die twintigste eeuse Christelike pedagoë gereken word, maar dit is vir ons nodig om vas te stel nie alleen wat ons onder Christelike pedagogiek verstaan nie, maar ook om aan te toon hoe genoemde rigting in verband met die ander heersende rigtings in die opvoedkunde staan.

Bavinck wat 'n uitgesproke verteenwoordiger van die Christelike rigting is, dra nie alleen kennis van die verskillende beginsels en skrywers nie, maar neem ook duidelik standpunt teenoor hulle in.

Dit is daarom nodig om die beginsels vir die verdeeling van die pedagogiek na te gaan. Verder moet ons 'n studie maak van die naturalistiese pedagogiek, die eksperimenteel-psigologiese pedagogiek, die sosiale pedagogiek, die individuele- en persoonlikheidspedagogiek, die moraalpedagogiek en van die moderne didaktici. Hierdie rigtinge word benader vanuit die Christelike standpunt en daarna gaan ons oor tot 'n kort samevatting van die beginsels van die Christelike opvoeding.

Ons gaan verder na hoe Bavinck sy kritiek op die verskillende beginsels in die pedagogiek rig.

2. Beginsels vir die Indeling van Rigtigs in die Pedagogiek.

(a) Inleiding.

By die behandeling van riktigs in die pedagogiek is dit nodig om sekere verskynsels te karakteriseer en te om-skryf. Hierin wil ons trag om die hoofrigting te tipeer wat

wat daar by verskillende pedagogiese strominge te verwagte is. Aangesien die Christelike opvatting uit 'n bepaalde prinsipe gegroei het, moet ons ook wys hoe die pedagogiek van anders-denkendes op 'n ander wyse uit ander beginsels gegroei het. Die Christen beperk hom ook nie tot die produk van die Christelike bodem nie, want daarbuite vind hy ook baie vrugte van Gods algemene genade.

Ons sal ook slegs enkele voorbeelde gee van die rigtinge wat ons behandel, om sodoende deur konkrete voorbeelde te wys wat ons deur die behandelde stroming verstaan. Met dankbaarheid neem die Christendenker kennis van die groot waarde van die nuwe denkbeelde en gebruik die bevindinge wat vir hom van waarde is, met vrug. Ons gee hier ook nie 'n geskiedenis van die pedagogiek na 'n vaste prinsiep nie; ook wil ons nie¹⁾, "een paedagoog van nature in een bepaald vakje duwen"²⁾ nie. Heer wil ons let op die doelstelling in die opvoeding en onderwys wat deur sommige aan die psigologie, andere aan die etiek, filosofie, teologie of sosiologie ontleen is. Die opvoeding word beheers deur 'n opvoedingsdoel en 'n opvoedingsideaal; dit „stelt zich een doel, waarnaar het kind moet worden heengeweide".³⁾ Die doel word nie deur die empirie aan die hand gedoen nie, maar dit word aan die wêreldbeskouing ontleen; daarom staan dit in noue verband met die teologie en filosofie. „Zy worstelt niet in de zichtbare werkelijkheid, maar in het rijk der ideeën."⁴⁾ Die uiterstes van die verskillende wêreldbeskouinge staan fel teenoor mekaar. „Aan verzoening valt niet te denken". Die Christen beskou die tye te ernstig om 'n koketterie met die tydgees toe te laat; daar is 'n diep en

-
1. Los: Moderne Paedagogen en Richtingen, 6.
 2. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 17.
 3. Ibid.
 4. Bavinck: Christelijke Wereldbeschouwing, 12.

skerp teenstelling tussen die Christelike geloof en die moderne mens. As daar by die opvoeding van 'n kind nie 'n bepaalde doel gestel word nie, en bly die mens by die kind se bepaalde aanleg staan, dan is die kind in die hande van vreemdes oorgegee.

Die karakter van die hedendaagse pedagogiek word veral bepaal deur twee teenstellings wat mekaar kruis. Die eerste is berekening of konstruksie; anders gesê: deskriptief of normatief; die ander is die karakter van die individu of die gemeenskap. Eersgenoemde is ervaringsopvoeding; dit wil nie 'n wysgerige of godsdienstige doelstelling hê nie, omdat die opvoedingsdoel in die kind self lê. Hierdie „berekening" of deskriptiewe pedagogiek is na die hulpwetenskappe psigologies, fisiologies en biologies georiënteer; dit is positivisties-naturalisties: positivistics omdat dit alle gevonden aanvaar wat deur ervaring en rede as vasstaande erken word; naturalisties, omdat dit die mens as dominant sien in die natuurgebourenisse waar alles verloop na die nimmer falende causaliteitswette. Die ewolusiegedagte is hier van groot belang. Die konstruktiewe of normatiewe pedagogiek is die mening toegedaan dat die opvoeding deur onveranderlike norme beheers moet word. Hierdie pedagogiek is in die algemeen na die normwetenskappe: etiek, teologie, logika en filosofie georiënteer.

Die individuele opvoeding is teen die massaopvoeding gekant, aangesien die afsonderlike mens as doel vir die opvoeding gesien word. Hierdie rigting wat humanisties is, het

-
1. Waterink: Inleiding in de Theoretische Paedagogiek, 517.
 2. Van Klinken: Hoofdlijnen en Hoofdpunten van de Opvoedkunde, 192 - 193.
 3. Bavinck: a. Verzamelde Opstellen, 105 - 120;
b. Wijsbegeerte der Openbaring, 99.
 4. Van Klinken: op. cit., 193.

verskillende doelstellings: die een beskou die religieuse, die ander die estetiese, nog ander die sosiale of intellektuele mens as die hoogste. By die sosiale opvoeding word die gemeenskap as hoogste doel gestel, daarom is die enkeling alleen van belang in soverre hy waarde het vir die gemeenskap. Die gemeenskap kan gneem word as die staat, die volk, die kerk of die mensheid.
1)

Die Christelike pedagogiek is in 'n sterk mate normatief, maar dit erken die groot waarde van die persoonlikheid, en weet terselfdertyd dat die mens 'n sosiale wese is. Die opvoedkund' ontleen sy gegewens aan die grond- of normatiewe wetenskappe en ook aan die hulp- of deskriptiewe wetenskappe. Aan die normwetenskappe soos logika, etiek en dogmatiek word die doel ontleen, terwyl die sosiologie en psigologie van groot nut is by die ondersoek na hulpmiddels.

Bavinck sê dat dit dwaas vir 'n pedagoog is om oor die opvoeding van kinders te filosofeer sonder om hulleself noukeurig gade te slaan. „De kinderen naar lichaam en ziel met al hun vermogens en krachten, in hun gansche physische en psychische ontwikkeling zijn het voorwerp van nauwkeurig onderzoek voor den opvoeder; biologie, physiologie en psychologie zijn onmisbare hulp-wetenschappen voor de paedagogiek!”²⁾ Vir die Christelike pedagogiek lê die beginsels in die Skrif, die Woordopenbaring, maar dit put ook uit die kenbronne wat deur God geskape is.

. Die moderne pedagogiek wil opvoeding in sy geheel fundamenteer, daarom is dit vir die Christendenker nodig as hy die rigtings na hulle prinsipiële grondslag wil keur, om 'n deeglike Skrifstudie te maak. Buite die Skrif om het hy immers geen sekerheid van die oorsprong, wese en bestemming van die mens nie. Met die Skrif gewapen, sien hy die dinge

1. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 14 - 23.

2. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 17 - 18.

1)

nie vals en gekleurd nie.

(b) Die Skrifkriterium.

Die vraag ontstaan by Bavinck wat die Skrif aan die Christen leer. Die pedagogiek, wat die kruis verag, weet nie wat hy doen nie; dit versmaad die lamp voor die voet en lig op die pad en wandel in die duisternis. Eerstens leer die Heilige Skrif hom dat die mens beelddraer van God is.
2)

Dit is sy rang, sy stand, sy adeldom. Die mens, dus ook die kind, kan nie geken word sonder kennis van God nie. God is die oorsprong van die mens en die mens is na Sy gelykenis geskape. Die mens is nie alleen draer van Gods beeld nie,
3)
maar hy is beeld van God, Geslag van God, God se kind.

Hierdie mens het egter deur die sonde geword wat
5) hy is. Dit is van fundamentele betekenis. Die sonde is nie 'n noodsaaklike natuurproses, soos deur die onskriftuurlike wysbegeerte of sedoleer beweer word nie, maar elke oortreding van Gods wet is sonde. Dic mens erf die sonde want hy is in sonde ontvang en gebore. Die Skrif leer die ontsettende
6) realiteit van die sonde. Niemand kan die sonde se bestaan ontken nie, daarom moet die mens van die oorsprong, wese en gevolge daarvan rekening hou.

Berdens het die Skrifgelowige egter nie alleen 'n leer van ellende nie, maar ook 'n leer van verlossing en dankbaarheid. Die Christen weet nie alleen van sonde nie, maar
7) 8) ook van genade in Jesus Christus. Hierin lê sy sterkte.

-
1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 17 - 18.
 2. Gen. 1:27.
 3. Bavinck: op. cit., 83.
 4. Bavinck: Bijbelsche en Religieuze Psychologie, 85 - 95.
 5. Gen. 3.
 6. Bavinck: a. Bijbelsche en Religieuze Psychologie, 106;
b. Paedagogische Beginselen, 86.
 7. Ibid., 88.
 8. Bavinck: Bijbelsche en Religieuze Psychologie, 72.

Vierdens moet die Christen se verhouding tot God
alle ander verhoudinge bepaal. „Want wat baat dit 'n mens
as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly?"²⁾

Vyfdenys wys die Christen daarop dat die hele Skrif
in vastheid van ordening vertolk in alles wat geskape is; dat
daar 'n diep gedagte agter al die dinge is.

(c) Die Grondwet van alle Opvoeding.

Die grondwet van alle opvoeding vir die Christen
is dat die opvoeding wat ook onderwys insluit homself by die
skeppingsgegewens moet aansluit. God het alles „na sy aard"
geskape; daarom moet die mens na sy aard opgevoed word.³⁾
Dit gaan eerstens om die kind wat opgevoed moet word; tweedens
gaan dit om die beoogde doelstelling en derdens om die
middele waarmee die beoogde doel bereik moet word.⁴⁾ Die
opvoeder moet homself rekenskap gee van die opvoedingsmiddelle
en dit so kies dat dit by sy doel en die psigiese konstruksie
van die kind pas. Hy moet ook deeglik kennis hê van
die didaktiek, metodiek, tug en skoolorganisasie.

Dit gaan om die opvoeding van die hoogste van Gods
skepsel op die aarde, die kind van God wat geval het maar nie
verval het nie. Kinderlik roep die Christen dan ook met die
psalmis:

„wat is die mens dan dat U hom gedenk het,
die mensekind wat U so ryk beskenk het!
Met eer en heerlikheid is hy gekroon,
skaars minder as die eng'le om U troon".⁵⁾

(d) Verskillende Indelinge.

Verskillende opvoedkundiges en andere het reeds

-
1. Sien Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek I, 238 - 290.
 2. Matth. 16:26.
 3. Sien Bavinck: Christelijke Wetenschap, 85.
 4. Sien Coetzee: Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 7 - 19.
 5. Psalm 8:4.

verdelings gemaak om die rigtinge in die pedagogiek aan te dui. Max Ettlinger, Köhler, Gründwald, Petersen, Zieroff, Herget, Kesseler, Thomson en andere het verskillende indelings
1) gemaak. Ook Bavinck het 'n indeling gemaak wat besonder oorsigtelik is maar een gebrek toon, naamlik dat al die moderne rigtings onder „modern” saamgevat word.²⁾ Hierdeur kan ons nie die innerlike karakter van die verskillende rigtings sien nie. Waterink noem veral twee rigtings, naamlik die psigologiese en sosiologiese rigtinge en tweedens die
3) rigtinge wat gebaseer is op die normwetenskappe. Los noem drie rigtings: die sosiale pedagoë soos John Dewey, Kerschensteiner, Matrop en Spranger; psigologiese pedagoë soos Münsterberg, Neumann, Montessori en Künkel; fundamentele pedagoë
4) soos Rein, Willmann, Foerster en Bavinck.

Vir ons doel wil ons graag die volgende indeling maak: naturalistiese pedagogiek, sosiale pedagogiek, indiwiduaal-personalistiese pedagogiek, moraal pedagogiek, moderne
5) didaktici en die Christelike pedagogiese beginsels.

3. Naturalistiese Pedagogiek. 6)

(a) Herbert Spencer.

Herbert Spencer (1820-1903) is in Derby, Engeland, gebore in 'n eeu waarin Engeland 'n groot groei op die gebied van handel en nywerheid beleef het; daar was 'n oplewing van godsdienstige ideë,⁵⁾ 'n stryd om dogmatiese leerstellinge, 'n herlewing op die gebied van kuns en wetenskap. Die volk se sosiale nood kom sterk op die voorgrond; arbeidsopstande was aan die orde van die dag; klein grondbesitters verloor hulle

-
1. Waterink: Inleiding in de Theoretische Paedagogiek,
515 - 532.
 2. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 215 - 219.
 3. Waterink: op. cit., 522 - 629.
 4. Los: Moderne Paedagogen en Richtingen.
 5. Sien Van Klinken: Hoofdlijnen en Hoofdpunten van de Opvoedkunde, 197 - 233.
 6. Bavinck: "Richtingen in de Paedagogiek", in Verzamelde Opstellen, 218.

grond en die kwakers en metodiste verkondig die beginsels
1)
van die demokrasie.

Spencer is deur selfstudie gevorm tot een van die grootste en invloedrykste denkers van Europa. Van sy vader wat 'n bekwame onderwyser was,
2)
leer hy selfstandige handeling en selfondersoeking.

(b) Sy Pedagogiek.

As pedagoog is hy bekend uit sy boek „Education“ (1861) wat uit vier hoofstukke bestaan en waarin behandel word: die vraag welke kennis die meeste waarde het: die ver-
3)
standelike, die sedelike of die liggaamlike opvoeding.

4)
As pedagoog is hy naturalis; die natuur is die hooffaktor in die opvoeding. Daarby is hy ewolusionis.

By die beantwoording van die vraag in die eerste hoofstuk, naamlik welke kennis van die grootste waarde is,
5)
stel hy homself op die nuttigheidstandpunt. Die waarde van wat onderwys word; en die vrugte wat 'n bepaalde vak afwerp, is van belang. Die opvoedingsisteem moet nut en voordeel vir die lewe afwerp en die mens moet werksaamhede verrig: tot selfbehoud, tot voorsiening in sy behoeftes, tot opvoeding van die opkomende geslag, tot handhawing van sy posisie op verskillende lewensterreine en tot bevrediging van sy smaak
6)
en gevoel en veraangenameing van sy lewe.

Die opvoedingsdoel is dus die alsydige voorbereiding vir bogenoemde lewensverrigtinge. Daarvoor is nodig die

1.Riemens-Reurslag en Yzer: Groei, 236.

2.Ibid., 237.

3.Spencer: Essays on Education, 45 - 83; 84 - 115; 116 - 152.

4.Spencer: Social Statics, 153 - 184.

5.Rombouts: Historiese Pedagogiek, II, 34.

6.Spencer: Essays on Education, I.

volgende vakke: fisiologie van die mens, natuurwetenskappe, sosiologie, geskiedenis, lese, skrywe, rekenkunde en kunsvakke.

1)
Sy leerstof word aan die natuurwetenskappe ontleen en in aansluiting by die ewolusiegedagte moet die kind die ontwikkelingsgang van die mens deurloop.

2)
By die sedelike opvoeding gaan Spencer nie soos Rousseau van die standpunt uit dat die kind van nature goed is nie, maar dat die natuur homself korrigeer. Ook hier moet die natuur se voorbeeld gevolg word: die kind moet homself straf in die gevolge van sy dade: deur selfkontrole word die karakter gevorm.
³⁾ Daar is by Spencer geen norme vir die sedelike lewe nie.

4)
Sy liggaamlike opvoeding moet in „hardening process“ in die hand werk. Goeie resultate van die natuurwetenskap- en gesondheidsleervoorskrifte moet toegepas word. Hy beklemtoon verder die noodsaaklikheid van in goeie dieet, regte kle-
⁵⁾ ding, oefening en spele.

Spencer se invloed was besonder groot, nie alleen in Engeland nie maar ook in die Verenigde State van Amerika.
⁶⁾ In Duitsland en Frankryk en selfs in Holland was dit populêr.

Waar die positivisme as anti-christelike stelsel bestaan, is dit vanselfsprekend dat in pedagogiek wat daarop gebou is, ook vir die Christen nie aanvaarbaar is nie. „Er
⁷⁾ is geen uitzicht na boven, geen ideaal, geen godsdienst.“

-
1. Los: „H. Spencer's Education“ in Paed. Tijdschrift, 1913,
 53 - 54.
 2. Leopold: Spencer's Opvoeding, 37.
 3. Duggan: History of Education, 277.
 4. Spencer: Essays on Education, 193.
 5. Ibid., hoofstuk IV.
 6. Bigot en Van Hees: Verleden en Heden, 130.
 7. Rombouts: Historiese Pedagogiek, II, 39.

4. Die Eksperimentele-Psigologiese Pedagogiek.

1)

(a) Meumann en Lay.

Die periode van Mundt word afgesluit, maar daarby sluit ook aan 'n nuwe rigting, naamlik die van die psigologiese pedagogiek of ook eksperimentele pedagogiek. Hierdie rigting ontstaan as gevolg van die groot sukses wat die natuurwetenskap met die eksperiment behaal het.

Meuman en Lay is die grondleggers van hierdie rigting.²⁾ Meuman bemoei hom meestal met die psigologie van die jeug.³⁾ Sy ontwikkelingswette gaan oor die individuele aanleg, die ontwikkeling van die funksies, die periodiese wisseling in groei, en die invloed van herhaling en oefening van korrelasies tussen elementêre en hoëre funksies. Die opvoeding en onderwys moet hulle hierby aanpas en ook hieraan die doelstelling ontleen.⁴⁾ Lay konsentreer weer meer op die leerplan en die lesrooster.

Los reken tot die psigologiese pedagoë ook Hugo Münsterberg, Maria Montessori en Fritz Künkel.⁵⁾

(b) Beoordeling.

Bavinck gee 'n uitvoerige beskrywing van die resultate en tekortkominge van die eksperimentele pedagogiek.⁵⁾ Hy konsentreer veral op dié ontwikkelingswette en in besonder op die onbegrensde moontlikheid van die oefening. Meumann laat die kernvrae van die Christelike pedagogiek onbeantwoord omdat hy die waarde van die persoonlikheid uit die oog verloor.

-
1. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 57 - 70.
 2. Sien Meumann: Vorlesung zur Einführung in die Experimentelle Pädagogik, Deel I, 63 - 70⁴ en ook Los : Moderne Paedagogen en Richtingen, 76 - 77.
 3. Sien Lay: The Child's Unconscious Mind, 172 - 247.
 4. Los: op. cit., 67 - 119.
 5. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 56 - 67.

5. Sosiale Pedagogiek.

(a) Dewey.

John Dewey is in 1859 in Burlington (Noord-Amerika) gebore. In 1884 promoveer hy in die filosofie en word in 1894 professor in opvoedkunde in Chicago. In 1904 gaan hy na die Columbia Universiteit by New-York en gee leiding aan 'n kweekskool vir onderwysers.
1)

Dewey is pragmatisch; daarom plaas Waterink hom dan ook ten regte onder die rigting wat na die normatiewe wetenskappe georiënteer is.
2) Dewey wil die waarde van die mens-like kennis aan die praktiese lewe toets.
3) Die pragmatisme hou in dat dit in wese niks nuuts is nie, maar wil tog 'n metode van denke wees. Die pragmatisme wend hom tot die werklikheid, ervaring en die aktiewe lewe; dit het 'n eie gedagte
4) oor die werklikheid en waarheid. Alles word dienstig gemaak aan die vuurproef van godsdienstigheid;
5) alles word getoets aan die praktiese bruikbaarheid.

Die opvoedingsproses bestaan volgens Dewey in 'n bewuste aanpassing van die leerlinge by die natuurlike en kunsmatige voorwaarde vir die bestaan van die individue.

Hy glo dat die opvoeding die deelname in die sosiale bewussyn reëel.
6) In sy ideale skool wil hy 'n versoening hê tussen die individualistiese en sosiale pedagogiek; hy soek ook na 'n versoening van die ideaal van sosiale bruikbaarheid en die goeie burgerskap van die staat, daarom ook „what nutrition and reproduction are to the physiological life,

-
1. Los: Moderne Paedagogen en Richtingen, 8.
 2. Waterink: Inleiding in de Theoretische Paedagogik, I, hoofstuk XXII, 4.
 3. Dewey: Reconstruction in Philosophy, 129.
 4. Bavinck: Wijsbegeerte der Openbaring, 40.
 5. Dewey: Characters and Events, II, 842 - 843.
 6. Dewey: My Pedagogic Creed, 16.

1)

education is to the social life." Dewey wil 'n eenheid-skool hê waarin al die kinders van een volk dieselfde geleentheid tot ontwikkeling van hulle gawes kry, of hulle ryk of arm is. Die doel van Dewey se opvoeding is dus om die mens-like gemeenskap deur die skool te demokratiseer en te sosialiseer.

2)

"The process and the goal of education are one and the same thing."

3)

(b) Sy Opvoeding.

As radikale, sosiale pedagogen sien hy in die moderne lewe drie omwentelinge waarmee die skool geen rekening hou nie: die intellektuele, die industriële en die sosiale rewolusie. Die laaste is die gevolg van die eerste twee. Die gevolg van al drie moes 'n skoolhervorming gewees het, maar die hedendaagse skool bly anti-sosiaal en anti-psigologies; "the educational process is one of continual reorganizing, reconstruction, transforming"⁴⁾ Waar die tradisionele skool 'n luisterskool is, is die komende skool 'n werkskool. By dit alles moet rekening gehou word met die kinderpsigologiese gegewens. Hy onderskei drie groeistadia by die kind: die speelperiode van 4 - 8, waarin hy al doende leer; die arbeidsperiode van 8 - 12, waarby die kind deur praktiese werksaamhede van handearbeid en eksperimente wetenskaplik waarneem en die puberteitsperiode van 12 - 15, wanneer die kind hom toelê op bepaalde vakke.

Dewey is behavioris: die menslike handeling berus op aandrifte of neiginge wat gewoontes word en deur die wil en verstand gereël kan word. Hy onderskei vier groepe drifte:

-
1. Dewey: Democracy and Education, 11.
 2. Los: Moderne Paedagogen en Richtingen, 11.
 3. Dewey: My Pedagogic Creed, 13.
 4. Dewey: Democracy and Education, 60.

die sosiale drif, die vorm- of bouinstink, die ondersoekingsdrif en die kunsinstink.

Dewey maak baie gebruik van eksperimente. Handewerk gee meer as vorring met die hand, meer as verstandontwikkeling; dit is 'n middel om 'n sosiale gewoonte aan te kweek. Hy noem dan ook die Gary-skole modelskole met hulle kombuise en werkkamers vir drukkers, skilders, timmermans, waar die leerlinge self alles skoon en reg hou.¹⁾

Die skool is vir hom 'n gemeenskap waar gespeel en gewerk word. Om dinge te gebruik, is om kennis van hulle te verkry en as mense saam werk aan 'n taak, word die sosiale lewe gebou. Die mens moet nie in die eerste instansie op ervaring van ander steun nie, maar op eie belewing. Die skool moet dus aansluit by die sosiologiese milieu en by die praktyk. In die werkgemeenskap wat karaktervormend is, word die wilskrag, helderheid van oordeel en fyngevoeligheid gevorm. Omdat die sielelewe 'n deurlopende proses van ervaring is, moet kennis deur ervaring bewus gemaak word. Dewey se skool is 'n doen-skool.

(c) Kritiek.

Die pedagogiek van Dewey, wat die vernaamste voorstander en woordvoerder van die pragmatisme is,²⁾ met sy nuttigheidsbeginsel, is vir die Christelike pedagogiek nie aanvaarbaar nie, omdat daar maar slegs één waarheid is !

Die opvoeding van Dewey bevat elemente wat vir ons van groot waarde is. Die waarde van arbeid by die vorming van die persoonlikheid en die waarde van praktiese vorming vir

1. Dewey, John and Evelyn: Schools of Tomorrow, 252.

2. Waterink: Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek, I, 592.

die lewensroeping is van besondere betekenis selfs ook al het Dewey dit volgens ons mening oorskot.

Bavinck rig sy kritiek teen die outonomie van die staat, aangesien dit die grondbeginsel is waarvan die sosiale opvoeding uitgaan. In die onderwys en opvoeding sien die sosiale pedagogiek 'n middel waaroor die maatskappy beskik en waardeur die maatskappy instand gehou en tot volmaaktheid gebring kan word. Maar, „het doel van het schepsel kan nooit liggen in dat schepsel zelf, maar ligt uit den aard der zaak
1)
alleen in God, den Schepper.”

(d) Kerschensteiner.

Die Duitse Dewey is dr. George Kerschensteiner, wat in die stad München nie alleen die laer en middelbare onderwys georganiseer het nie, maar op pedagogiese gebied veel geskryf het.²⁾ Hy is die seun van 'n koopman en is in 1855 gebore en in 1932 oorlede. Hy begin sy opvoedingswerk as onderwyser uit die praktyk en spits hom toe op die „Arbeits-schule.” Die werkskool sal diensbaarder wees aan die karaktervorming as die boekeskool wat daar bestaan. In 1897 skryf hy sy, „Grundfragen der Schulorganisation” wat in Nederlands onder die titel „De Komende School” verskyn het, vertaal deur A. de Vletter.

Die betekenis van Kerschensteiner lê eerstens in sy
werkskool³⁾ en tweedens in sy staatsburgerlike opvoeding.⁴⁾

Die eerste en hoogste vorm van gemeenskap is volgens hom die staat; daarom moet die opvoeding in die eerste plek die

-
1. Bavinck: „Richtingen in de Paedagogiek”, uit Verzamelde Opstellen, 219.
 - 3.a. Rombouts: Historiese Pedagogiek, II, 258;
b. Sien Bavinck: Richtingen in de Paedagogiek, 218;
c. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 97.
 3. Kerschensteiner: De Komende School, 51.
 4. Schreuder: „Kerschensteiner's Staatkundige Opvoeding der Rijpere Jeugd”, in Paed. Tijdschrift, 1919, 65.

' 1) staatsgemeenskap dien. Die arbeid is egter die sentrum en uit die sentrum word die ander vakke afgelei. Alles moet so ingestel word dat dit die kind leer dink. Daar is egter geen spesiale vak wat die dinkproses bevorder nie. Al word sommige vakke nie om hulleself onderwys nie, hulle leer die kind dink. Dit gaan dus nie om die materiële waarde nie maar wel om die formele waarde. Dit geld vir Kerschensteiner by elke vak, mits dit goed onderwys word. Wiskunde 2) of kookkuns of Sjinees is ewe goed. Die leerstof is vir hom 'n lagie vernis wat deur die weer en wind gou verwyder word. Die stof moet egter goed en sistematies behandel word, sodat dit later maklik gereproduseer kan word.

Orals trek hy hewig te veldeteen die begrip van „Allgemeine Bildung und Gleichschwebende Interesse;“³⁾ hy wil afsteek in die diepte. As 'n persoon hom in een vak werklik deur selfstandige werk verdiep het, sal hy nie oppervlakkig oordeel nie.

4)
Die middelpunt van dit alles is die arbeid; soos die arbeid vroeër tuis gedoen is, moet dit nou in die skool verrig word.

Sy einddoel is sosiale opvoeding en telkens kom hy hierop terug. In die werkskool leer die kind gemeenskaplike arbeid; sy persoon skakel in by die groter gemeenskap en in selfregering soek hy na die sedelike ideaal.⁵⁾ Aan die opvoeding van meisies bestee hy ook veel aandag.

(e) Karaktervorming.

Die karakter is vir Kerschensteiner die bestendige

-
1. Waterink: Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek, I, 583.
 2. Riemens-Reurslag en Yzer: Groei, 244 - 245.
 3. Ibid., 245.
 4. Kerschensteiner: De Komende School, 30.
 5. Los: Moderne Paedagogen en Richtingen, 25.

sielstoestand, waarby elke wilsdaad deur blywende aanwesige
1) grondslae of prinsipes bepaal word. 'n Deel van die karakteraanleg is vir hom dus veranderlik en opvoedbaar; hierdie deel is die „intelligible“ karakter. Die vier elemente van laasgenoemde is: die wilskrag, helderheid van oordeel, fyngevoeligheid en „Auffüllbarkeit“ wat omskryf kan word as die graad, uitgebreidheid en duur waarmee die siel deur waarneming
2)
of voorstelling aangegryp word.

By die wilsopvoeding is die krag van die wil van minder belang maar die duur en reëlmatige terugkeer is hoofsaak. Geduld en volharding is passiewe wilskrag. Karaktervervorming is nie moontlik sonder opvoeding nie. Die helderheid van oordeel word benadeel deur die verkeerde skool-
3)
metodes van die luisterskool.

Vryheid var handeling verhoog die prestasievermoë van die mens en is van belang vir die opvoeding van die mens. Produktiewe arbeid bring ontplooiing van alle kragte tot vlyt, toewyding, volharding en selfstandigheid. Die verantwoordelikheidsgemoed word deur gemeenskaplike werk wakker gemaak; nie die boekeskool of die preek nie, maar skoolgemeenskappe en klubs laat die fyngevoeligheid vergroot en ont-
4)
wikkel leierskap.

Kerschensteiner sien nie die ontwikkeling van die individu as einddoel van alle opvoeding nie, maar wel die
5) staatsburgerlike opvoeding. By die opvoeding van meisies is die einddoel die opvoeding tot moeders wat later flinke staatsburgeresse kan voortbring.

-
1. Riemens-Reurslag en Yzer: Groei, 246.
 2. Van Klinken: Hooflijnen ens., 207.
 3. Bigot en Van Hees: Verleden en Heden, 161.
 4. Kerschensteiner: The Idea of the Industrial School, 39.
 5. Kerschensteiner: Education for Citizenship, 3rd.

Die opvoeder word bo die metode gestel: deur sy werk aangegryp, moet hy as't ware vonke van sy gevoel laat oorspat op die siel van sy leerlinge.

1)

Daar is baie ooreenkoms tussen Kerschensteiner en Dewey: beide is sosiaal-pedagoë en wil die werkskool invoer; beide heg groot waarde aan natuurwetenskappe en wil die onderwys rondom die handearbeid groepeer.

(f) Kritiek.

Bavinck sê dat die kinders reeds aktief en nie meer passief in die skool is nie,²⁾ maar hy verloor uit die oog dat Kerschensteiner tegniese en praktiese belangstelling by die kind wil aanwakker. Die praktiese werk is vir die kind van groot belang.³⁾ Hier sluit hy aan by Pestalozzi met sy handearbeid.

By al die goeie wat Kerschensteiner aan die opvoeding gegee het, wys Bavinck daarop dat sy opvoedingsideaal,⁴⁾ naamlik staatsburgerskap, anti-christelik is; ook vloe staatsburgerskap nie noodsaaklik voort uit die werkskoolgedagte nie. Gewetensvorming kan alleen deur gehoorsaamheid aan God, uit genade aangebring deur Christus en deur herskepping bekom word.⁵⁾ Sy skerp teenstelling van die leer- en arbeidskool is nie juis nie.⁶⁾ Sy stelsel van vakonderwys in die laerskool is ongewens omdat dit die eenheid van die jong kind se opvoeding verbreek.

-
1. Los: Moderne Paedagogen en Richtingen, 32.
 2. Bavinck: Opvoeding der Rijpere Jeugd, 204.
 3. Pestalozzi: Swanesang vertaal deur J.G. Meiring, 51 - 54.
 4. Sien Bavinck: op. cit., 205.
 5. Sien Los: op. cit., 36.
 6. Sien Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 97.

6. Indiwidual- en Persoonlikheidspedagogiek.

(a) Indiwiduele Pedagogiek.

As reaksie teen die opvoeding na een model kom die indiwidual pedagogiek wat geen dwang of outoriteit in die opvoeding wil hê nie.¹⁾ Opvoeding is die groei van binne uit en geen modelleringe nie, daarom is die uitgangspunt die „onaantastbare indiwidualiteit van die kind“ en „die heiligeid van die geslag.“²⁾

Opvoeding is leiding by die groei van die mens; hy moet gesien word as 'n indiwidualiteit by wie die opvoeding die aanwesige gawes tot ontplooiing moet bring en hom so tot 'n harmoniese mens vorm. Hierdie rigting staan in teenstelling met die sosiale pedagogiek in die 20ste eeu.

Die indiwiduele pedagogiek wil in die eerste en enigste plek die groei van die kind van binne uit bevorder. Dit gaan teen alle beterwete, outoriteit en dwang van ouers en leiers.

(b) Ellen Key.

Ellen Key reik haar hand uit na Rousseau met sy „regte van die kind“, wat in 1900 geskrywe, in verskeie tale vertaal is en in Duitsland alleen veertien drukke in ses jaar beleef het.

Reeds in die eerste hoofstuk kry ons 'n indruk van haar mening oor die kind se regte. Kind beteken vir haar majesteit oor wie die ouers geen mag het en aan wie hulle geen voorskrifte mag gee nie, net so min as hulle die sterre se bane mag voorskryf. Die vader moet in sy kind 'n koningsun sien, wat hy met deemoed en met sy beste kragte moet dien.

1. Van Klinken: Hoofdlijnen, ens., 209.

2. Bavinck.a. De Nieuwe Opvoeding, 33;

b. „Richtingen in de Paedagogiek“, uit Verzamelde Opstellen, 218.

Die twintigste eeu moet 'n sterk geniale geslag kweek en die ganse mensheid moet bewus word van die heiligheid van die generasie. Daarom moet die staat ook die huwelik reël en alle liggaamlike, geestelike en verstandelike minderwaardighede uitsluit.

Die veelgeprese voordele van die skool: orde, metode, stelselmatige dissipline is vir Key louter nadele. Skole is sielemoorders. Die drang na wete, die sug na selfstandigheid en die gawe van waarneming is gewoonlik verdwyn na voltooiing van die skooljare. Die skool sondig veral deur die onderdrukking van die kind se persoonlikheid; die kind moet onghinderd sy natuurlike aandrifte en vermoëns ontwikkel. Natuurlike verdorwenheid is 'n mite uit die agterlike tye; sogenoemde foute is niks anders as die omhulsel wat die kiem van deug omsluit nie. Sulke foute moet nie uitgeroei word nie, maar veredel word: eiesinnigheid sal verander in karaktersterkte, sluheid in wysheid, behaagsug in beminlikheid en 1) wispelturigheid in ondernemingslus.

(c) Die Individuale Pedagogiek by ander Pedagoë.

In Duitsland is haar denkbeelde deur Gurlitt en Berthold Otto prakties toegepas. Vir Gurlitt is die natuur die beste pedagoog. Godsdienstige opvoeding moet alleen gegee word as die kind daar behoefté aan het, maar 'n normale kind hou daar nie van nie en verstaan dit nie. Otto werk in dieselfde rigting: hy gee volkome selfregering in sy skool en bepaal die leergang en leerstof van die skool. Die onderwyser bly 'n belangstellende toeskouer.

2)

Linde waarsku teen die metodegeloof; nie die skool nie maar die natuur voed op. Die onderwyser moet 'n pedago-

1. Rombouts: Historiese Pedagogiek, II, 208 - 214.

2. Ibid., 229 - 230.

1. Foerster: Opvoeding en Zelfopvoeding, 64 - 102.

2. Waterink: Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek, I, 71.

3. Foerster: Godsdienst en Karaktervorming, 8.

giese kunstenaar wees. Modellesse is daar genoeg; wat nodig is, is persoonlikhede.

Budde en Gaudig, twee leiers van hierdie beweging, wil dat die skool 'n lewens- en werkgemeenskap moet wees, waarby selfdoen konsekwent in die praktyk toegepas word. Gaudig praat van didaktiese kettery en wil die leerling van die passiewe na die aktiewe oorbring. Hy erken egter grense waarbinne die individuele mens gebind is; verder erken hy selfs godsdiensonderwys.

Hierdie rigting so waarde lê daarin dat die individueel en individuele aanleg bestudeer word. Dit lei tot grenslose bandeloosheid sonder ware tug en gesag.

7. Moraal-Pedagogiek.

(a) Foerster.

Die moraal-pedagoë sien in die sedelike vorming die hoogste opvoedingsideaal.
1) Oestreich baseer sy opvoeding op etiese idealisme,
2) terwyl Foerster en Künkel hulle opvoeding
3) weer op die godsdiens fundeer.

Friedrich Wilhelm Foerster is 'n figuur wat sedert die begin van die twintigste eeu veel aandag getrek het. Hoewel hy met sy staatsburgerlike opvoeding naby Kerschensteiner staan, is sy opvatting omtrent die godsdienst heel anders. Sy opvoeding was staatkundig liberaal en godsdienstig, ook vrysinngig. In Zürich, waar hy dosent word, hou hy moraliserende gesprekke met seuns en dogters van die puberteitsjare.

Hy gesel die moderne lewe wat geen vastheid aan ideaal het nie. Die opvoeding moet die kloof tussen die moderne lewe en die navolging van Christus oorbrug. Die erfsonde

-
1. Foerster: Opvoeding en Zelfopvoeding, 64 - 102.
 2. Waterink: Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek, I, 71.
 3. Foerster: Godsdienst en Karaktervorming, 8.

vorm die grondslag van alle gesonde pedagogiek.¹⁾ Sedekundige pedagogiek sonder godsdiens verskeur die mens in plaas van hom as 'n eenheid te vorm. Besieling van die wil en oefening is opvoedingsmiddelle by die opvoeding wat in hoofsaak karaktervormend is. Besieling word verkry deur gemeenskap met nobele figure, met heiliges en met Jesus;²⁾ wilsoefening kan negatief wees deur „nee“ te sê as dit moet en positief wanneer gedagtes in dade omgesit word.

Alle opvoeding is egter in laaste instansie self-opvoeding. Die jong moet tot die besef gebring word van die krag van Christus in die werklike lewe; navolging van Christus verhoog die innerlike lewenskrag en saligheid. Selfregering³⁾ is die eerste middel van tug of karaktervorming vir Foerster.

(b) Beoordeling.

Hoosoor die etiek van Foerster as Christelik aangekondig word, is dit tog in wese „Aufklärungs“-etiek. Sy asketisme het by die Rooms-Katolieke nogal geneentheid gevind.

Loc beskou sy etiek sowel as sy psigologie verregaaande oppervlakkig,⁴⁾ maar hy beskou Foerster as 'n begaafde man wat homself nou aansluit by die werklike lewe.

„Aangezien die paedagogiek van Foerster een moraalpaedagogiek is, bederft dit verkeerd ethisch beginsel voor een groot deel zijn paedagogiek.“⁵⁾

(c) Künkel.

Die Berlynse senuweearts, Fritz Künkel, is ook karakterpsigoloog en heilpedagoog.⁶⁾ Hy skryf 'n serie van ses pedagogiese artikels benewens verskeie bydraes in tydskrifte.⁷⁾ In sy „Einführung in die Charakterkunde,“ is sy hoof-

-
- 1.a. Bavinck: „Richtingen in de Paedagogiek“ in Verzamelde Opstellen, 216 - 217;
 - b. Rombouts: Historiese Pedagogiek, II, 231 - 232.
 2. Foerster: Christus en het Menschelijke Leven, 84.
 - 3.a. Foerster: De Wedergeboorte van Staats- en Volksleven, 35;
 - b. Sien Los: Moderne Paedagogen en Richtingen, 139 - 157.
 4. Ibid., 153.
 5. Ibid., 154.
 6. Künkel: Karaktervorming door Zelfopvoedinge, 17.
 7. Los: op. cit., 110.

denkbeelde te vind. Los noem Künkel 'n psigologiese pedagoë¹⁾ maar dit is ook 'n vraag of hy nie tot die sosiologiese pedagoë²⁾ gereken moet word nie.

Künkel sê dat alle karakterkunde van die insig behoort uit te gaan, dat die mens sowel subjek as objek van die lewe moet wees.

Reeds die kind (die subjek) speel met iets (die objek), maar die iets speel ook met die kind; die sfeer van die spel word so deur die subjek-objek-verhouding bepaal.²⁾

Soos die kind in sy spel lewe, so leef die mens sy hele lewe in sy arbeid. Die mens (die subjek) en die wêreld (die objek) werk gedurig op mekaar in en daar is 'n gedurige wisselwerking en ewewigspanning.³⁾ Künkel noem die werking dialektiek, dit is: die kuns van tweegesprek. Sy karakterkunde noem hy dan ook dialektiese karakterkunde.

Die mens is verantwoordelik vir wat hy doen; die gevolge van sy doen en late is die terugslag van sy eie dade. Die kind, die wordende mens, moet nog ingroei in 'n ewewigtige subjek-objek-relasie. Deur eie verantwoordelikheid te aanvaar, leer die kind om die wrywing te oorkom en 'n harmoniese eenheid te word. Die lewenspanning kom na vore as die kind sy lewe leef; dan ontdek die kind die „ek". Hy onderskei twee soorte mense: die ek-sugtiges en die saaklikes; eersgenoemde is sku vir verantwoordelikheid en laasgenoemde aanvaar dit weer.

(d) Beoordeling.

Künkel sien in die subjek van die kind 'n oneindige Godheid wat geval het, en deur ons hulp bevry moet word.

-
1. Los: Moderne Paedagogen en Richtingen, III.
 2. Künkel: Karakter, Groei en Opvoeding, 1 - 6.
 3. Künkel: What it means to grow up, 29 - 32.

Die Christelike pedagoog sien in die kind 'n religieus-sedelike mens wat aan God en sy naaste rekenskap verskuldig is, en van
sy ongehoorsame toestand deur Christus bevry moet word.
¹⁾

Hy erken dat die karakterkunde nie die mensheid kan omkeer nie,
maar dit kan wys in hoeverre die mens reeds verkeerd is; deur
selfopvoeding kan die bereidheid tot die ware versterk word.

Hier kom hy na aan die Christelike opvatting dat die ommekteer
van die mens genade is. Künkel se boeke is vol mooi gedagtes
en treffende opmerkings. Sy groot fout lê egter daarin dat
hy moraliseer: sy heilspedagogie is 'n gehumaniseerde evangelie
waarin die skriftuurlike betekenis van sonde, genade en be-
kering ontbreek.
²⁾
sielelewe.

8. Moderne Didaktici.

Van die moderne didaktici bespreek ons kortlik Maria
Montessori, Helen Parkhurst en Ovide Decroly.

(a) Montessori.

Dr. Maria Montessori, gebore in Rome in 1870, is
kinderbioloog wat haar biologie konsekwent in haar didaktiek
toepas. Sy bestee baie aandag aan agterlike kinders en word
aanvanklik geleei deur Itard en Séguin se geskrifte.

Sy ontdek egter gou dat die kinders meer belang-
stelling het vir hhaar stem as vir Séguin se spesiale leermid-
dels. Sy begin dus soek na nuwe weë en slaag ook daar in.
Sy pas haar metode waarmee sy by subnormale kinders soveel
sukses gehad het, op normale kinders toe.
³⁾

Na 1900 maak sy 'n spesiale studie van psigologie en

-
1. Los: Moderne Pädagogon en Richtingen, 115.
 2. Van Klinzen: Hooflijnen, ons., 215 - 217.
 3. Montessori: The Montessori Method, 42.

filosofie en kom op hoogte met die skoolpraktyk en in 1907 word in skool na haar denkbeelde vir kinders van 3 tot 7 jaar ingerig.

Die hocksteen van haar metode is: vryheid van die
1) leerlinge in hulle spontane uitinge. Die leerlinge het in hulleself kragte tot selfopvoeding. Alle oorwinning en alle vooruitgang van die mens kom voort uit innerlike krag. Die kind laat na om iets te doen, nie omdat hy altyd nie weet hoe dit gedoen moet word nie, maar omdat hy van mening is dat 2) iemand anders dit vir hom sal doen.

Montessori praat van die gevoelige periodes by kinders; die opvoeder moet nagaan op welke tydstip in die kind se lewe hy die gevoeligste is om sekere kennis aan te 3) leer en sekere vaardigheid te oefen; daarvoor moet die opvoeder die geskikte materiaal byderhand hê. Steeds moet 4) die opvoeder onthou dat hy waarnemer is. Die beste opvoeding geskied waar die opvoeder homself oorbodig maak. Hierdie belangrike ontdekking van Montessori is dan ook die grondgedagte van haar opvoeding.

Het haar opvatting van spontane uiting neem sy ook 5) in eie standpunt oor orde en tug in. Daar is geen belohning of straf nie; dit is verkeerde uitwendige prikkels buite die sfeer van haar skool se bedrywighede. Alleen wat onaangenaam en nadelig vir ander kinders is, word verbied.

Haar lesse is beknop, eenvoudig en objektief. Haar

-
- 1.a. Van Wijlen: „Het Beginsel van Montessori,” in Paedagogisch Tijdschrift, 1921, 323 - 337 en 355 - 365;
 - b. Montessori: The Montessori Method, 86.
 2. Ibid., 98.
 3. Montessori: The Secret of Childhood, 70.
 4. Montessori: The Advanced Montessori Method I, 127.
 5. Montessori: The Montessori Method, 86 - 104.

dag se oefening vir die praktiese lewe bestaan uit lesse oor reinheid, orde normale houding, gesprekke oor die daaglikse lewe en onderwys wat ongebonde is. Met gimnastiek gee sy allerlei oefeninge soos asemhaling, spreekoeufeninge, hardloop. Daarby kom opvoedende oefeninge wat bestaan uit werk in die tuin en die werk met knope, hakies, ogies en andere.¹⁾

Montessori beskou die omgang wat die kind met die diere en plantelewe het, van groot belang: dit leer die kind waarneem en sorg; die kind leer die natuur liefkry en hy ontwikkel op natuurlike wyse.²⁾ Sy verwerp Fröbel se handearbeid en neem alleen sy kleiwerk oor; maar die fantasie van die kind moet hier fungeer. Sy wil die kind se sintuie ontwikkel deur assosiasie, herkenning van voorwerpe en herinnering van die voorwerp se naam.

Montessori se metode van lees- en skryfonderrig bestaan daarin dat leerlinge met hulle vingers oor letters (wat van sandpapier op dun karton geplak is) trek, totdat hulle ongemerk leer om die letters te skryf.³⁾ Daarna kom die lees van die letters wat geskryf word.

Leermiddels word in die volgende volgorde gebruik: gebruik van knope en silinders; oefening van sintuie: deur bepaling van lengtes vasstelling van die vorms van prisma's en kubieke figure; kinders was hulself, stof af, oefen die tassin en kleursin; dek die tafel, oefen met mate,⁴⁾ teken met waterverf, skrywe en lees.

Montessori het groot verdienste vir die pedagogiek.⁵⁾

-
1. Montessori: *The Montessori Method*, 119 - 122.
 2. Ibid., 161.
 3. Sien Schreuder: „*De Montessori Methode*”, in *Paed. Tijdschrift*, 1913, 339 - 350.
 4. Montessori: op. cit., 301.
 5. Los: *Moderne Paedagogen en Richtingen*, 107.

Sy het nie die teoretiese pedagogiek beoefen nie, maar was gedurig soekende na die beste metodes van onderrig. Sy sê dat die opvoeder se houding die van 'n moderne ondersoeker naas die van 'n vrome kerkvader moet wees. In haar skool het die kinders prettig en aktief hulle werk gedoen.

Haar metode geld meer vir die klein kindertjies en huis hier tel beloning en straf baie vir die kind. Montessori het dit nie raakgesien nie. Haar begrip van tug, gehoorsaamheid en vryheid is onskriftuurlik; sy verwaarloos die kinderfantasie, vrye spel en spontane kindertekenning; haar leermiddels is te duur vir praktiese skole; sy negeer die kind se sintuie en onderskat die krag wat daar in die opvoeder se lewende woord skuil.

(b) Parkhurst.

Helen Parkhurst, 'n leerling van Montessori, pas die beginnels van haar leermeesteres in die hoëre klasse toe. Sy wil die skoolwerk individualiseer en daarby die leerling¹⁾ se hoogsmoontlike vryheid en verantwoordelikheid behou. Haar skool is 'n kombinasie van klassikale en individuele werk.

Die Dalton-skool bevat verskillende werkhoekies in elke klaskamer waar die leerling sy nodige leermiddels het, sodat hy deur eie studie self werk doen volgens eie aanleg en tempo. Sy vryheid is egter nie onbeperk nie, want die werk moet binne 'n vasgestelde tyd afgehandel wees.

Die afhandeling van take is die gewigtigste werk in die Dalton-skool. 'n Taak is 'n opdrag waarin daar voorkom: die omskrywing van die leerstof wat verwerk moet word, die aanwysing van die leermateriaal en die arbeidsvoorwaardes. Elke maand moet take uitgewerk word. As hoofvakke geld vakke

^{1).} Parkhurst: Education on the Dalton Plan, 16.

soos: matesis, geskiedenis, wetenskap, taal, aardrykskunde en vreemde tale; as byvakke noem Parkhurst: musiek, kuns, handwerk en huishoudkunde.¹⁾ Vakke soos sang en gimnastiek word nie gedaltoniseer nie maar klassikaal onderwys.

Die onderwysers wat vakonderwysers is, moet die leerlinge help by die samestelling en nasien van die werk.²⁾

Die Daltonsistem het groot voordele: die individualiteit van die kind word bevorder; hy leer selfstandig werk; dit prikkel sommige leerlinge om fluks te werk. Daar is egter ook nadele aan die stelsel verbonde: deur die gejaag om die werk af te handel, word oppervlakkigheid in die hand gewerk; daar is te veel skriftelike werk; dit is onmoontlik om die lewende onderwyser te vervang.

(c) Decroly.

Ovide Decroly (1871-1932) is 'n praktikus wat in die buurt van Brussel 'n proefskooltjie stig met die doel om die kind voor te berei vir die praktiese sosiale lewe.³⁾ Hierdie skerpssinnige waarnemer, wat met agterlike kinders gewerk het, het gou reeds tot gevolgtrekkinge geraak wat op psigologiese en pedagogiese terrein van die grootste belang is, ook vir normale kinders. Ons wil hier op twee belangrike onderdele van sy arbeid wys, naamlik die globalisasieteorie en sy belangstellingsentra.

Die globalisasieteorie is 'n psigiese proses van die waarneming.⁴⁾ Mensé én diere en veral kinders neem voorwerpe waar eers in die oog en daarna in die onderdele. Die eerste indruk is dus 'n totaalindruk, later en by verdere ont-

-
1. Parkhurst: Education on the Dalton Plan, 29.
 2. Ibid., 145.
 3. Rombouts: Historiese Pedagogiek, II, 255 - 256.
 4. Van Reesema: Uit en Over de Werken van Prof. Dr. Ovide Decroly, 15.

wikkeling word die onderdele eers waargeneem. Die verskynsel dra in Duits die naam van „Gestalten" en in Frans „Globalisation." Die resultate van sy ondersoek het Decroly tot sy metode van lees en skryf gebring,¹⁾ waarby begin word met sinne en woorde wat as geheel opgeneem moet word.²⁾

Die denkbeelde van Decroly, wat in sy belangstel-
lingsentra na vore kom, herinner aan die Herbartse skool.
Tot die 7de leerjaar wil hy geen skeiding van vakke hê nie:
hy pleit vir onderrig wat om sake waarna die belangstelling
van kinders uitgaan groepeer,³⁾ en wat verband hou met die nei-
ginge en instinkte van die kind. Hulle is: voeding, kleding,
selfverdediging, spel en arbeid. Die kinders neem diere en
plante waar, versorg hulle tuintjies en doen handewerk; die
tekening van die dinge neem 'n vername plek in. Al die waarnemings word skriftelik vasgelê. Daar is dus geen afskei-
ding van vakke nie, selfs nie in die lesrooster of in die
leerplan nie.⁴⁾ Soos by Montessori is die onderwyser die
leier en helper van die kind wat soek en navors. By hoër
klasse kom geskiedenis en aardrykskunde aan die orde as daar
gevra word hoe dit vroeër was en hoe dit in ander lande ges-
teld is.

Die Decroly-metodes maak veel opgang en word reeds met vrug op verskillende plekke toegpas. Verskeie leesboeke volgens hierdie metode het reeds die lig gesien en is van groot waarde vir die onderwys

Decroly is ewolusionis.

-
1. Hamaide: The Decroly Class, 57 - 92.
 2. La Grange: Die Decroly-Skool, 42 - 49.
 3. Ibid., 38 - 41.
 4. Rombouts: Historiese Pedagogiek, III, 266.

9. „Beginsels van die Christelike Opvoeding.”

Dit is baie duidelik dat die Gereformeerdes in Suid-Afrika wat die opvoeding betref sterk onder die invloed van Bavinck staan. As ons dus Bavinck wil beoordeel is dit nodig om te sien wat die moderne Gereformeerde opvoedkundiges in Suid-Afrika as beleid stel, omdat ons later sal merk dat dit grootliks ooreenkom met die van Bavinck.

Aan die begin van hierdie hoofstuk is een en ander gesê oor die Christelike standpunt ten opsigte van die beginsels van die opvoeding. Graag wil ons hier kortliks die beginsels van die Christelike opvoeding weergee, soos opgestel deur prof. dr. J. Chr. Coetzee, prof. dr. P.J.S. de Klerk en prof. dr. H.J.J. Bingle en in sy geheel aanvaar deur die 30ste Sinode van die Gereformeerde gemeentes in Suid-Afrika.
1)

In Kommissie van die Ekumeniese Sinode het die rapport enigsins haarklowend aangeval en „Beginselsverklaring” en Vermaning inzake Christelike opvoeding” neergelê.
2)
3)

Aangesien eersgenoemde rapport vir ons omvatter en prinsipieel onaanvegbaarder is, wil ons graag die volgende daaruit saamvat:

(a) Die teorie en praktyk van die Christelike opvoeding is gegrond op die lewens- en wêreldbeskouing wat op die gereformeerde belydenis, (wat ooreenkom met die Heilige Skrif gebaseer is.)

-
1. Handeling van die 30ste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika in sitting byeen te Potchefstroom op 26 Januarie 1949 en volgende dae. 348 - 352.
 2. Acta van de Gereformeerde Oecumenische Synode van Amsterdam, 56 - 60.
 3. Ibid., 21 - 27.

(b) Die doel by die opvoeding is die kennis, liefde en diens van die Here. Uit die Skrif word die mens van God dan opgelei en vir elke goeie werk volkome toegerus. By hierdie allesomvattende doelstelling is ondergeskik verskillende ander doelstellinge soos die sedelike, estetiese en filosofiese opvoeding asook die biologiese, fisiologiese, psigologiese, sosiale, politieke en intellektuele vorming en ontwikkeling van die kind.

(c) Die kind is beelddraer van God, maar deur ongehoorsaamheid is hy 'n gevalle mens. Hierdeur is sy hele natuur bedorwe en sy weë goddeloos, daarom is hy onmugtig om die goeie te doen. Die kind van God is deur Jesus Christus egter uitverkies en deur die Heilige Gees word hy vernu en tot 'n nuwe mens gemaak. Die mens is 'n sondige wese deur die erfsonde maar daar is verlossing deur Jesus Christus. Deurdat die kinders Gods Woord hoor en die werking van die Heilige Gees ondergaan, is hulle opvoedbaar.

(d) Die Christelike opvoeder is 'n dienaar van die Here wat die jeug moet onderrig in wat die Here geleer het, sodat die kind Sy lering kan onderhou. Die opvoeder moet die kind leer om God te ken, lief te hê en te dien.

(e). God word geken deur die skepping en deur Sy Woord, daarom is dit nodig dat die kind kennis dra van die natuur, maar dit is nie voldoende nie: die kind moet volkome bekend wees met die Goddelike Woord wat volmaak en voldoende is. Daar moet kennis wees van die natuur en kennis van die Skriftuur; die eerste is noodsaaklik maar onvoldoende, die tweede is noodsaaklik, gesaghebbend, duidelik en voldoende. Beide moet dus in die leerplan ingesluit word: die taal, geskiedenis, aardkrykskunde en ander vakke is noodsaaklik, maar vind hulle gesag en duidelikheid alleen in die godsdiestige opvoeding.

(f) Die opvoedingsmetode word bepaal deur die doel en aanvangspunt; die metode word in sy wese deur die Gereformeerde belydenis bepaal. Kennis van die teoretiese aspek en van die kind se sielkunde is nodig. Hierdeur is die opvoeder veilig in die chaos van moderne opvoedkundige praktyke. Alle moderne metodes word in die lig van die Christelike grondbeginsels ondersoek en die bruikbare metodes word ook in dié lig toegepas.

(g) Wat die gesag betref, is die finale beslissing van alle sake van lewe en gedrag in God, omdat die absolute gesag by God alleen berus. Aan die mens is deur God relatiewe gesag oor die mens en die natuur verleent; ouers het gesag oor hulle kinders en onderwysers oor hulle leerlinge, maar hulle bly verantwoordelik vir hulle gesag. Vir die opvoedkundige tug is die geloof van fundamentele betekenis omdat die opvoeder die tug moet uitoefen, maar altyd aan God verantwoordelik moet bly in die uitoefening daarvan. Die kind se gehoorsaamheid strek net in soverre die opvoeder die wet van God gehoorbaar.

(h) Die opvoeding van kinders is die taak van die ouers. Die skool het egter in die moderne wêreld die middelpunt van die opvoeding geword, omdat die sosiale struktuur dit vir die ouer onmoontlik gemaak het om alle opvoedingswerk te behartig. Die skool het as hulp vir die huis gekom. Die kerk het egter ook belang in die opvoeding van die jeug, maar omdat die kerk tot sy lidmate beperk is, kan hy nie die skool beheer nie.

Die staat het groot mag oor sy onderdane, maar tog behoort die kinders in die eerste plek aan hulle ouers en is in die tweede plek burgers van die staat; daarom kan die staat ook nie volle beheer oor die skool hê nie.

Die toestand is dan dat die ouer moet beslis oor die gees van die skool; die kerk moet toesien dat die gees en rigting Christelik is en die staat moet waak oor afbrekende en rewolusionêre vorme wat in die skool mag kom. In die skool wat eerstens deur die ouers en tweedens deur die staat beheer word, moet die ouers vir hulle kinders betaal; nie die volle bedrag nie, omdat hulle belasting aan die staat betaal, maar wel gedeeltelik. Staatsondersteunde skole word dus voorgestaan.

Die skole moet Christelik-nasionale skole wees omdat God aparte nasies wil hê.

(i) In beginsel is die Sinode teen enige stelsel van staat-skole, omdat hulle in hul wese neutraal is. Daar word 'n drievoudige oplossing voorgestel:

(i) „die skepping van 'n stelsel van staatsondersteunde skole, waarin die georganiseerde ouergemeenskap oor die stigting van 'n skool en oor die gees en rigting van die skool-opvoeding beslis en die skool gedeeltelik beheer en onderhou; waarin die staat oor die peil van die skoolopvoeding beslis en die skole gedeeltelik beheer en onderhou, en waarin die kerk 'n Christelike invloed uitoefen indirek deur sy volwasse en jeugdige lidmate;

(ii) die skepping van 'n onafhanklike stelsel van Christelike skole, met of sonder staatsteun.

(iii) die Evangelisering van die neutrale staatskool: Christene mag selfs die staatskool nie alleen laat nie; hulle moet die onderwys van die staatskool beïnvloed. Dit is hoofsaaklik die funksie van die kind."¹⁾

Van die moderne rigtinge in die pedagogiek wat in die tydperk van Bavinck besig was om vastigheid te verkry,

1. Handelinge van die Sinode, 352.

het hy kennis gedra.

Die beginsels en rigtinge toets hy aan die Skrif en stel daarvolgens sy eie algemene beginsels van die opvoeding saam.

In die volgende hoofstuk wil ons meer in die besonder bepaal wat Bavinck se algemene beginsels van die pedagogiek behels.

10. Samevatting.

(i) Verskillende skrywers oor die pedagogiek het die algemene beginsels volgens eie indeling aangedui. Ook Bavinck het 'n indeling gemaak.

(ii) Vir ons doel is die hoofstuk ingedeel in die volgende algemene pedagogiese rigtinge: nationalistiese pedagogiek, eksperimentele-psigologiese pedagogiek, sosiale pedagogiek, individual-personalistiese pedagogiek, moraal-pedagogiek, moderne didaksie en die Christelike beginsels van die pedagogiek.

(iii) Alle rigtings in die nuwe opvoedkunde is vir die opvoedkundige teorie en praktyk van besondere groot waarde, elk op 'n eie manier. Die moderne pedagoë kan ook dankbaar gebruik maak van weë wat hierdeur aangetoon word.

(iv) Prinsipieel staan die Christelike pedagogiek egter lynreg teenoor die verskillende rigtinge omdat hulle meestal nie alleen on-Christelik is nie maar ook anti-Christelik.

(v) Vir die Christelike pedagoog is daar buite die Skrif geen sekerheid oor die oorsprong, wese en bestemming van die mens nie; daarom sluit hy alle opvoeding by die skeppingsgegewens aan.

(vi) Bavinck kan met reg beskou word as die vader van die moderne Christelike pedagogiek. Daarom staan hy te midde van die verskillende moderne strominge met sy eie opvatting en hy stel dit waar nodig in teenstelling met die strominge wat sy grondbeginsels misken.